In sy 2024-staatsrede aan die Parlement, het President Cyril Ramaphosa die stryd teen Geslagsgebaseerde Geweld en Vrouemoord (GGGV) verskerp en sy steun uitgespreek vir 'n nasionale belofte teen GGGV waarin alle mans hulself persoonlik daartoe moet verbind om geweld teen vroue te beëindiging.

'N BELOFTE VIR SUID-AFRIKAANSE MANS OM GESLAGSGEBASEERDE GEWELD EN VROUEMOORD TE BEËINDIG

**AS ’N MAN VERBIND EK MY DAARTOE OM ALTYD:**

1. Alle vroue as gelykes te behandel.
2. 'n Vrou soos 'n mens te behandel, nie soos 'n voorwerp of ’n besitting nie.
3. Vroue so goed te behandel as wat ek kan en my rol aktief te speel om die kultuur van verkragting uit te daag en enige vorm van vooroordeel, mishandeling of geweld teen vroue stop te sit.
4. Ander mans aan te spreek oor hul onvanpaste gedrag of onvanpaste opmerkings teenoor vroue.
5. 'n Vrou te respekteer soos ek verwag om as 'n man gerespekteer te word, want respek, gelykheid en die menseregte van alle Suid-Afrikaners is ononderhandelbaar.
6. 'n Rolmodel te wees om seuns in my gesin en my gemeenskap te leer dat dit nie 'n teken van swakheid is om hul emosies te wys nie, dat geweld nie 'n manier is om konflik op te los nie en dat vroue met respek behandel moet word.
7. Ander vroue te behandel soos ek wil hê my ma, susters of dogters behandel moet word.
8. Voorspraak te maak vir die veiligheid en welstand van kinders en aktief te werk teen alle vorme van mishandeling en geweld teen kinders.
9. Volwassenes en eweknieë aan te spreek oor onvanpaste gedrag teenoor kinders en dit reg te stel.

**AS ’N MAN VERBIND EK MY DAARTOE OM NOOIT:**

1. My hand te lig teen enige vrou nie.
2. Enige vrou te intimdeer, te dreig of te verkleineer nie, hetsy dit fisies, verbaal, emosioneel of seksueel is, of toelaat dat ’n ander man dit doen nie.
3. Stereotipes oor vroue voort te sit nie, of aannames oor 'n vrou te maak oor die klere wat sy dra nie.
4. ’n Vrou se waardigheid te skend deur die manier waarop ek na haar kyk of deur my woorde of my optrede nie, of haar ongemaklik laat voel as gevolg van my teenwoordigheid nie.

5. Fisiese en/of seksuele kontak met 'n vrou te maak sonder haar uitdruklike toestemming nie, of haar te dwing om iets te doen wat sy nie wil doen nie.
6. Iets oor geslagsgebaseerde geweld te verskoon nie of daaroor stil te bly nie.
7. My verantwoordelikhede as ’n pa vir my kinders te verontagsaam nie.
8. My posisie tuis, of by my werkplek of in ander sosiale omgewings te gebruik om vroue se menseregte of waardigheid te ondermyn nie.
9. ’n Kind onveilig of ongemaklik te laat voel deur my teenwoordigheid, my woorde of my aksies nie.
10. Enige onvanpaste kontak met 'n kind te hê nie of om kinders se grense te verontgsaam nie.

**Onderteken die belofte hier:**

------------------------------------------